# OOM SONNIE SE STUKKE



**HI, SONLANDERS!**
**Hierdie week het ons 'n nuwe verhaal, "Oorwinning oor Wraak".**
**Geniet die eerste hoofstuk van ESME CUPIDO se jongste storie.**

## 'n Hartseer Debbie vind meer uit oor Craig se 'killer'



TOE sy haar oë van die kis wegneem, gewaar sy hom 'n entjie weg op 'n sandhoop staan. Sy herken hom dadelik, al het hy 'n groot donkerbril op wat amper sy hele gesig bedek.

Sy hoor skielik harde stemme en sien ant Mieta, Craig se peetma, op die rand van die oop graf sit, gereed om in te spring.

"My Craigie, jy lewe nog, ek weet dit," weeklaag sy. "Ek kom haal jou nou uit. Hulle wil jou dood hê. Maar ek weet —"

Die antie wikkel haar los uit die hande van twee ooms wat haar probeer keer.

"Keer haar!" gil iemand.

Maar dis te laat. Debbie hoor 'n slag toe die antie op die houtkis te lande kom.

En toe sy opkyk, is hy weg.

Dis amper 'n week gelede dat haar verloofde, Craig Solomons, doodgery is. Sommer net so.

Hy het net sy motordeur gesluit en oor die pad gestap om 'n melk en brood te gaan koop, toe die wit Fortuner hom gestamp het.

Sy het die ambulans hoor skree by die biblioteek, waar sy besig was om boeke reg te skuif.

### Sy gesig was bleek

Dit was halfvyf en amper tjailatyd. Sy het nog gewonder wat sy vir aandete gaan maak en of Craig onthou het om melk te koop. Haar selfoon het skielik in haar roksak gelui. Dit was Craig se pa. 'n Bedaarde man. Baie vergeetagtig ook. Hy sal 'n vlieg op sy neus verdra totdat dit self wegvlieg.

"'m, Dis Craig se pa, Johannes Solomons. Praat ek nou met 'm ...?"

"Ja, dis Debbie, oom Haantjie. Is daar fout?" Sy moes vra, want hy het haar nog nooit in die drie jaar dat sy en Craig verloof is, gebel nie.

"'m, Ja. Dis Craig. Hulle het hom gestamp. Hulle is nou besig met hom hier in die hospitaal. As jy wil kom ..."

Sy was binne rekordtyd by die hospitaal. Maar sy pa het haar by die ingang van die hospitaal ingewag. Sy gesig was bleek en hy het met sy trui se knope gevroetel.

"Hy's dood. Hulle het nou net gesê."

By die woonstel het Debbie onder die kopkussing gekyk en die blou T-hemp waarin Craig die vorige aand geslaap het, uitgehaal. Die bekende reuk van sy liggaam het haar na haar asem laat snak.

Toe sy later haar suwwe kop oplig, was dit stikdonker in die kamer. Sy het na Craig se warm lyf gevoel, maar daar was net 'n koue leegte. Soos die koue in haar hart.

Die volgende oggend het sy polisiestasie toe gery. Sy moes uitvind wie Craig vermoor het. Wie die persoon is wat die lewe uit hom gestamp het. Daai persoon moet boet.

"Mevrou, die persoon het 'n verklaring afgelê. Craig Solomons het blykbaar van agter 'n stilstaande motor voor sy bakkie ingestap. Hy het gehoot en moes vinnig remtrap, maar dit was te laat. Hy het dadelik stilgehou en hy was nog daar toe die polisie opdaag."

"Wie is die persoon, Sersant?"

"Mevrou, ek kan ongelukkig nie vir u sê nie. Die saak word nader ondersoek, getuienis en bewyse sal die verloop van die saak beïnvloed."

'n Vriendin se broer is egter 'n konstabel by die polisiestasie, en het vir haar sy naam gekry.

Henry Edwards. Die moordenaar. Hy werk vir Berkom, 'n groot vervoermaatskappy in die stad.

Met nog twee weke se verlof ná die begrafnis, wag sy die Maandagmiddag in die straat voor Berkom se grys betonmure.

Teen sesuur ry 'n wit Fortuner by die hekke uit. Sy sorg dat daar 'n kar tussen hulle ry.

Twee blokke verder draai hy onverwags na regs. Sy sit haar flikkerlig aan en ry vinnig om hom nie uit die oog te verloor nie. Vir die volgende kilometer draai hy links en regs asof hy self nie weet waarheen hy gaan nie. Dit kos bestuursvernuf om by te bly, te sorg dat hy nie weet sy agtervolg hom nie.

> **"Hy het gehoot en moes vinnig remtrap, maar dit was te laat"**

Hy stop voor 'n klein platdakhuis in 'n township. In die verbyry sien sy 'n bejaarde vrou en 'n meisietjie op die stoep staan. In die truspieël sien sy hom uitklim, en die meisietjie in sy arms oplig. Wie is die mense?

Henry Edwards. Craig se moordenaar. Die een wat hom heel waarskynlik laaste lewend gesien het. Haar hart verys. Sy moenie oorhaastig wees nie. Sy wil hom vernietig soos hy haar lewe in 'n oogwink vernietig het. Totaal en al.

Sy en Craig sou oor twee maande getrou het. Hulle het soveel drome gehad. Sy sou haar flat verkoop en dan sou hulle in 'n leavy suburb vir hulle 'n huis koop. 'n Huis waarin hulle ten minste twee kinders wou grootmaak. Nou bly sy alleen oor met al die herinneringe.

Die volgende middag toe sy aan die platdakhuis se deur klop, weet sy nog nie presies wat sy gaan sê nie. Sy het vroeër by 'n flea market 'n klomp gehekelde, opgestopte diere gekoop en staan nou met die spulletjie in haar hand voor die deur.

Ná die derde geklop word die deur haastig oopgepluk. Voor haar staan die bejaarde antie in 'n pers voorskoot, stukkies grys hare steek onder die wit kopdoek uit. 'n Kat kom staan langs haar en kyk Debbie nuuskierig aan.

Die vrou *spot* dadelik die goed in haar hand en sê: "Jitte, jy klop asof jy in danger is. In die meantime is dit om die gehiekelde goed aan my te verkoep. Hoeveel kos daai wit-en-groen skapie? Phillie sal dit nogal likes."

Debbie glimlag vriendelik. "Kom ek wys vir Antie my versameling. Die beste ding is, dis glad nie duur nie."

"Kô in, my naam is Mollie."

Sy moet eers uit-*figure* wie hierdie vrou is en wat die konneksie tussen haar en Henry is.

"Is Phillie ant Mollie se kleindogter?" vra Debbie toe sy agter die vrou aanstap.

### Nou vorder ons

"Nei. Dis mister Edwards, Henry, se dogter. Ek het jare vir sy ma en pa gewe'k, en nou we'k ek my dogte' vi' hom. Nonnie. Som kere dan kom visit die kind vi' my hie' soes giste'. A lovely child."

*Right. Nou vorder ons*, dink Debbie tevrede. Henry Edwards het 'n dogter. Iemand na aan hom wat vir hom saak maak.

Die sitkamertjie is klein en propvol ornamente, lappe en portrette. Debbie staan onseker rond, want vier katte lê elkeen op 'n stoel. Op die enigste ander stoel sit 'n maer man en scroll op sy foon. Hy kyk nie eens op nie.

"Tollie, hiesa is mense. Sta' op en ga' was vi' jou. Dis mirrag."

Tollie het nie 'n saak aan met die vrou nie. Hy sit sy sit. Die vrou skud haar kop. "Vi'dag se kinders. Ma' wys gou wat jy het. Ek ga' haal net my beursie."

Toe die vrou in die gang verdwyn, kyk Tollie skielik op. "Het jy vir my lekkers gebring, ha? Waar's die tjoklits en die Sweetie pies?"

Hy spring op en kom nader, sy lang maer kloue na haar uitgestrek. Sy retireer verskrik agtertoe tot teen die sideboard.

"Tollie! Maar sil jy gan was. As jou broer nou hie' kom ..."

Tollie laat sak sy hande en verdwyn met hangskouers die gang af.

"Shame. Hy kan ook'ie anders nie."

"Is dit Antie se seun?"

Sy kyk verbaas na Debbie. "Nei. Dis Henry se broe' ..."

■ Lees môre verder

**Wat dink jy van hierdie storie? Enige voorstelle? SMS na 32369**

SUKKEL U OM DIREK VAN DIE PADONGELUKKEFONDS TE EIS?
Ons kan help om toe te sien dat u 'n behoorlike uitbetaling ontvang. Ons kan u bystaan om 'n Sassa toelaag te kry terwyl u wag
Kontak asseblief KRUGER & KIE PROKUREURS op 021 930 5530 of WhatsApp 063 496 4253 om 'n gratis konsultasie te reël
Ons werk op 'n geen sukses-geen fooi basis.
Geen prokureur en kliënt verhouding bestaan alvorens daar 'n ooreenkoms tussen die partye onderteken is nie.
X1XHMG0D-ES021222

IS U OF IEMAND WAT U KEN BESEER IN 'N MOTOR VOERTUIG ONGELUK? INDIEN U HULP NODIG HET, KAN ONS HELP.
Kontak KRUGER & KIE PROKUREURS op 021 930 5530 of WhatsApp 0634964253 om 'n gratis konsultasie te reël.
Ons werk op 'n geen sukses - geen fooi basis!
Geen prokureur en kliënt verhouding bestaan alvorens daar 'n ooreenkoms tussen die partye onderteken is nie.
X1XHMHMH-ES071222